POLICY 09/2016 RAADSBELEID

MUNICIPALITY DAWID KRUIPER MUNISIPALITEIT

SUBJECT/ONDERWERP: **BESKIKBAARSTELLING VAN MUNISIPALE PARKE VIR ANDER DOELEINDES AS VRYETYDBESTEDING**

REFERENCE/VERWYSING: **17.6.B**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **24/10.2/2016 (SCM)** DATE/DATUM: **26 October 2016**

BELEIDSOOGMERK: Om Munisipale Parke se gebruiksaanwending, wat nie blote vryetydsbesteding is nie, so te orden dat dit nie tot nadeel van die park is nie.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad erken die behoefte van die gemeenskap om munisipale parke ook vir ander doeleindes as vryetydsbesteding aan te wend.

RIGLYNE

1. Die betrokke park se kapasiteit moet in oorweging geneem word by die goedkeuring van versoeke om gebruiksaanwending.

2. Daar moet verder onderskeid getref word tussen parke, met of sonder openbare ablusiegeriewe.

3. In die geval van parke met voldoende openbare ablusiegeriewe, kan die aanbieding van meerdaagse aktiwiteite goedgekeur word.

4. In die geval van die normale woonbuurtparke kan aktiwiteite met ‘n tydsduur van korter as een dag maar nie later as 22:00 toegelaat word vir die volgende:

    4.1 Staatsinstellings.
    4.2 Munisipale Raad.
    4.3 Liefdadigheids-, godsdienstige-, opvoedkundige-, kulturele- of landboukundige verenigings of organisasies.
    4.4 Instellings van ‘n openbare aard waar winste tot voordeel van die gemeenskap aangewend word.
    4.5 Kleiner funksies soos Kinder partytjies,

PROSEDURE

1. Die betrokke instansie doen aansoek by die Parke afdeling vir die moontlike aanwending van ‘n park.

2. Indien die park beskikbaar is, word dit toegeken.

3. Groter aanwendings soos die Kalahari Kuierfees word na Rosepark (Feesterrein) verwys.

ROLLE
Die Subdirektoraat : Siviele Ingenieursdienste se Parke en Rekreasieafdeling.

VERWANTE BELEID
Tariefbundel.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word